Nangila Se Dapperheid

- Violet Otieno
- Vusi Malindi
- Fanie Viljoen

- Afrikaans
- Level 4

(imageless edition)



Lank gelede was daar ’n man met ’n baie ernstige wond aan sy been. Hy kon nie staan of loop nie.



Die paartjie het drie seuns en een dogter gehad.



Nangila was ’n mooi meisie. Al die mense in die dorpie het van haar gehou en haar gerespekteer.



As iemand met Nangila wou trou, moes hy ’n krui uit die meer naby die dorpie gaan haal.



’n Paar mans het probeer, maar hulle het sonder die krui teruggekeer.



Nangila was bekommerd. Nie eens haar broers wou na die meer toe gaan nie. Daarom het sy besluit om self die krui te gaan haal.



Op pad na die meer het Nangila ’n ou vrou met ‘n bondel hout ontmoet. Sy het die vrou gehelp om die vuurmaakhout te dra.



Toe Nangila by die meer kom, het sy die geestefamilie gesien. Hulle het gedrink en gedans.



Toe die geeste almal geslaap het, het Nangila in die meer in geduik.



Die geeste was alreeds wakker toe Nangila uit die water klim. Sy was bang, maar sy het die liedjie gesing wat die ou vrou haar geleer het:



Nangila se stem was so soet dat die geeste vir haar gevra het om weer en weer vir hulle te sing.



Almal het gewag dat Nangila terugkeer.

Storybooks South Africa

global-asp.github.io/storybooks-southafrica

Nangila Se Dapperheid

Written by: Violet Otieno
Illustrated by: Vusi Malindi
Translated by: Fanie Viljoen

This story originates from the African Storybook (africanstorybook.org) and is brought to you by Storybooks South Africa in an effort to provide children's stories in South Africa's many languages.

This work is licensed under a Creative Commons
Attribution 4.0 International License.